# Die doop in die Gereformeerde Kerkorde

*CJ Smit, Pretoria*
*Jan J van der Walt, Potchefstroom*

ABSTRACT

**Baptism in the Reformed Church Order**

*Church Order in the tradition of the reformed churches stems from the Word of God and is a form of its proclamation. It provides the means to be able to practise baptism just as God ordained it in his Word. Church Order expresses principles from the Word against which practical issues can be judged, such as which children must be baptised, at what age, where, how and by whom. The purpose of Church Order is to protect and maintain certainty about the truth. Thus sciptural baptism is preserved for the church as a holy, visible sign and seal of the new life in Jesus Christ.*

## 1. DIE KERKORDE SE FUNKSIE TEN OPSIGTE VAN DIE DOOP

Dit is veelseggend dat die klassiek geworde Gereformeerde Doopformulier aan 'n kerkorde ontleen is. Hierdie kerkorde is die van die Palts wat in opdrag van die keurvors Frederik die Vrome opgestel en in 1563 ingevoer is.

Die feit dat die Gereformeerde Doopformulier aan die Kerkorde van Palts ontleen is, moet egter nie tot die misverstand lei dat die kerkorde aan die doop ten grondslag lê nie. Die teendeel is waar. Die doop, as een van die sakramente, is naas die Woord een van die konstitutiewe faktore van die kerk. Derhalwe is daarin 'n sekere vanselfsprekendheid dat die doop die kerkorde voorafgaan (vergelyk Dankbaar, 1941:4-20, 100, 101).

Calvyn (1980:22) het reeds in 1536 in die begeleidende brief aan koning Frans I by sy Institusie geskryf dat die suiwere prediking van die Woord en die regmatige bediening van die sakramente die grondliggende faktore is waarop die kerk gebou word. Ook het Calvyn (1956, IV, xv, 1) die doop gedefinieer as die teken van inwyding in die gemeenskap van die kerk waardeur ons, in Christus ingeplant, onder Gods kinders gereken kan word. Die doop is in werklikheid dus as die teken van die prinsipieel radikale breuk met die sondige wêreld die vrug van die werking van die Gees van God deur die Woord.

Daarom is selfs die volgorde waarin die kerkordelike reëlings met betrekking tot die Woordverkondiging en doopbediening in die Kerkorde van Palts 1563 getref is, en voor dit in Calvyn se kerkorde van 1541, van besondere belang. Die Woordverkondiging word sentraal gestel, daarna kom die doop en die nagmaal as die sakramentele bevestiging van die Woordverkondiging aan die orde (vergelyk Pont, 1981:23-41 en Van 't Spijker, 1980:7). Dit is betekenisvol dat die ou Nederlandse kerkordes vanaf die

van Wezel 1568 tot die van Dordrecht 1619 sonder uitsondering dieselfde volgorde van die Woordverkondiging wat die sakramentsbediening voorafgaan, gehandhaaf het (vergelyk Hooijer, 1865; Reitsma en Van Veen II, 1893:135, 136, 322; ibid V, 1896:24); 'n volgorde wat beduidend genoeg ook in die Gereformeerde liturgieë geyk is.

Die volgorde bied die belangrike insig dat die kerkorde van die Woord uitgaan, trouens dat die kerkorde 'n bepaalde wyse van Woordverkondiging is. Die Woord gaan voorop (vergelyk Calvyn, 1956, IV, x, 30; Bouwman I, 1970:324, 325; Hovius, 1962:24; Milner, 1970:4-10, 192; Sillevis Smitt, 1910:62). En die sakramente wat op die Woord volg, bepaal op wie die kerkorde gerig word. In die besonder is die doop fundamenteel vir die gerigtheid van die kerkorde, want die doop is die eerste grondliggende sakrament waardeur die kerk gekonstitueer word (vergelyk Bouwman II, 1970:233-244). Uitgaande van die Skrifbeginsels vir die kerklike lewe is die kerkorde dus daarop gerig om die ordelike, Skrifbepaalde lewe van die gedooptes in gemeenskap met Christus en met mekaar kerklik te beveilig (vergelyk Bouwman I, 1970:324, 325; Nauta, 1971:9).

Terselfdertyd is dit die kerkorde se funksie om die Woordverkondiging te beveilig as die aller en enigste grond vir Christus se heerskappy oor sy kerk deur sy Gees. Deur die geroepe diensknegte van die Here wat ordelik beroep word, moet die Woord in die volle krag van die waarheid in die kerk opklink. En sodat die kerk as kerk van die Here op grond van die waarheid van sy Woord herken mag word, is dit die taak van die kerkorde om die doop te beveilig en teen vervalsing te beskerm. Dit beteken dat die kerkorde die Skrifbepalings na vore moet bring waardeur die wat as die bewaarders van die verbond van die Here en as die draers van sy beloftes in hierdie wêreld geroep word, die doop moet ontvang. Die beginsels waardeur al die bedieningsfasette van die doop aan die opdrag van die Skrif moet kan beantwoord, moet bondig maar duidelik in die kerkorde gesistematiseer en saamgevat word (vergelyk Pop, 1978:337; Van 't Spijker, 1972:12, 13; Du Plooy, 1982:37).

Só kan die kerkorde aan sy funksie ten opsigte van die doop reg laat geskied, nie deur voor te gee om ten grondslag aan die doop te lê en self die doopbediening te verordineer nie, maar om die ruimte daar te stel en kerklik te beveilig waarbinne die doop, juis soos God dit in sy Woord verordineer het, bedien kan word. Indien God se huishouding aan menslike willekeur oorgelaat sou word, sou nalatighede en dwalinge die kerklewe met ontbinding kan bedreig. Daarom is 'n kerkorde, waarin die Skrifbeginsels vir die bediening van die doop gesistematiseer is, geen oorbodige weelde nie. Trouens, die kerkorde is noodsaaklik vir die Skriftuurlike handhawing van die breuk wat God in sy kerk met die sondige wêreld daargestel het. Die kerkorde moet daartoe meewerk om die diepste geheim van die gedooptes se kerkwees te bewaar, naamlik om na die stem van die Koning te luister (vergelyk Smit, 1985:353; Plomp, 1967:194; Pop, 1978:337; Reitsma en Van Veen VII, 1898:145, oor die Provinsiale Sinode van Appingedam 1608).

In lyn met die ou Gereformeerde kerkordes van die sestiende en sewen-

tiende eeu (van die keurvrugte van die reformasie!), gaan die Kerkorde van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika van die Skriftuurlike bepalings ten opsigte van die doop uit. Sowel die verbondsdoop as die bekeringsdoop word kerkregtelik in artikel 56 tot 60 vervat. Sonder dogmatiese verklarings, maar terdeë op dogmatiese beginsels gegrond, word die orde met betrekking tot die doop as teken van die genadeverbond in die genoemde artikels Skriftuurlik gereël.

## 2. DIE BESEËLING VAN DIE VERBOND AAN KINDERS

"Die verbond van God moet so spoedig moontlik aan die kinders van die Christene in die erediens met die Heilige Doop beseël word volgens die formulier wat daarvoor vasgestel is" (Kerkorde van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, artikel 56).

Die kerkregtelike beginsel waarop die artikel rus, is die Skrifopdrag dat die kinders wat tot die genadeverbond hoort, op grond van die Here se verbondsbeloftes en sy verbondseise (vergelyk onder andere Gen 17 : 7, 9; Gal 3 : 16; Heb 8 : 10) gedoop móét word volgens die instelling van Christus (Matt 28 : 19).

Die dogmatiese agtergrond van hierdie beginsel is dat die doop nie 'n teken van die mens aan God is nie, maar uitdruklik 'n teken van God aan die mens. Daarom is die doop 'n sakrament. Die dopeling is essensieel passief: hy *word* gedoop, soos wat 'n mens begrawe *word* (vergelyk Rom 6 : 3, 4). Die betekenis van die doop is immers dat 'n mens heeltemal buite jou eie toedoen, slegs deur die genade in Jesus Christus, sy eiendom geword het (vergelyk 2 Kor 5 : 17, 18; Ef 1 : 4-14; Fil 1 : 6). So min as wat ouers van 'n bepaalde taal en kultuur hulle kinders in 'n totaal vreemde taal en kultuur kan opvoed, so min kan gelowige ouers hulle kinders as ongelowiges (heidene) opvoed. Die kinders van gelowige ouers behoort net soos die ouers tot die genadeverbond. As sy kinders het God aan hulle reg gegee op die teken van sy verbond met hulle. Daarom moet die kinders van gelowige ouers so spoedig moontlik gedoop word (vergelyk Dordtse Leerreels I, 17; Smit, 1984:21-28, 31, 32, 50-54; Floor, 1983:22, 23).

### 2.1 *Aan watter kinders die verbond beseël moet word*

Die Wezelse artikels van 1568, die Geneefse Kerkorde van 1561, die Sinode van Emden 1571 en die Provinsiale Sinode van Dordrecht 1574 gaan so klaarblyklik uit van die verbond dat die verbondskinders nie pertinent genoem word as die wat gedoop moet word nie (vergelyk Hooijer, 1865:46, 47; Pont, 1981:32; Hooijer, 1865:69, 70; Hooijer, 1865:105, 106). Hierteenoor bepaal die Sinode van Dordrecht 1578 egter pertinent: "Het verbond Gods zal aan den kinderen der Christenen met den Heilige Doop (zoo haast als men denzelven bedienen kan) bezegeld worden . . ." (Hooijer, 1865:153). Hierdie bewoording is ook in die Dordtse Kerkorde van 1619 opgeneem (vergelyk Hooijer, 1865:456), en dit word onveranderd in die Kerkorde van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika gehandhaaf.

As kerkregtelike uitgangspunt kan op grond van die voorgaande gestel word dat "kinders van die Christene" die kinders veronderstel wat in

die Christelike godsdiens opgevoed sal word. Hierdie veronderstelling word met die doopbelofte verseël. Die kinders wat gedoop word, is dus die wat algaande geleer sal word om as kinders van God te leef en Hom as die hemelse Vader te dien en eer.

Omdat hoofsaaklik die kerkregtelike beginsels in die kerkorde verwoord word, kom daarin nie uitgewerkte antwoorde op elke denkbare vraagstuk met betrekking tot die doeppraktyk voor nie. Trouens, sulke presiseringe wat tot reglementering kan lei, is vreemd aan die aard en doel van die kerkorde (vergelyk Calvyn, 1956:IV, x, 32; Rutgers, 1890:39, 41). Antwoorde op vraagstukke uit die doeppraktyk hoort tot die agendas van sinodes. Hierby kan die verklarings van kerkregtelikes ook aansienlike lig bied.

Om meer in diepte te omlyn aan watter kinders die verbond beseël moet word, word die kerkorde in 'n aantal kerkregtelike vraagstukke uit die doeppraktyk derhalwe nie hanteer asof dit oor 'n ingeboude kasuïstiek beskik nie. Veeleer word die kerkregtelike beginsels uit die kerkorde na 'n praktyk met velerlei vraagstukke deurgetrek:

– *Mag kinders van Roomse ouers gedoop word?*

Volgens die advies uit Genève mag dit, aldus die Sinode van Emden 1571 (vergelyk Hooijer, 1865:77). Maar hieraan is 'n voorwaarde verbonde: mits die Roomse ouers aan Gereformeerde getuies "last en bewilliginge" gee om vir die opvoeding van die betrokke kind(ers) te sorg (Jansen, 195:245). Klaarblyklik is hierdie tussentydse reëling ter wille van Roomse ouers getref wat tydens die reformasie wel met die protestantse oortuigings gesimpatiseer het, maar tog nog nie bereid was om met die Roomse kerk te breek nie. Omdat die verbondsdoop slegs aan kinders van gedoopte verbondsouers bedien mag word, blyk reeds uit hierdie bewilliging dat die doop van die Roomse kerk sedert die reformasie erken is (vergelyk Calvyn, 1956, IX, xv, 16). Slegs in die geval van die doop deur sektes wat die Drie-eenheid verwerp, soos die Getuies van Jehova en die Unitariërs, moet daar oorgedoop word. Omdat hulle die Verbondsgod in 'n eiewillige Godsleer in der waarheid ontken, is hulle doopbediening "nietig of fiktief" (Van der Linde, 1983:195).

– *Mag die ouer wat nie lid van die betrokke Gereformeerde kerk is nie saam met die een wat wel lid is hulle kindjie ten doop hou?*

So 'n ouer mag saam met die een wat die kindjie ten doop hou in die midde van die gemeente verskyn, maar die doopvrae word nie tot hom of haar gerig nie. Omdat slegs die ouer wat lid van die kerk is kerkregtelik aanspreeklik is vir die nakoming van die doopbelofte, waardeur die kind in die Christelike geloof opgevoed word, moet hierdie ouer op die doopvrae antwoord (vergelyk Rutgers, 1922:46, 47).

– *Mag 'n gelowige vrou wat met 'n ongelowige getroud is, hulle kind laat doop?*

Die Sinode van Emden 1571 antwoord bevestigend, selfs al sou dit teen die wil van die vader gebeur. So 'n vrou is as gelowige volkome bevoegd om die aanspreeklikheid vir haar kind se verbondsopvoeding te aanvaar,

trouens sy het soos onder meer blyk uit 1 Korintiërs 7 : 14 'n duidelik Skriftuurlike roeping daartoe (vergelyk Hooijer, 1865:78).

– *Mag die kinders van onverskillige, gesensureerde of selfs afgesnede ouers gedoop word?*

Die Sinodes van Dordrecht 1574, 1578 en Middelburg 1581 antwoord voorwaardelik op hierdie vraag: Dit sou daarvan afhang of 'n verantwoordelike doopgetuie die opvoeding van die kind sou kon waarneem. Hierteenoor is Calvyn se standpunt konsekwent dat slegs indien een van die ouers nog 'n lidmaat in volle regte is, kan die kind volgens 1 Kor 7 : 14 gedoop word. Voetius maak 'n onderskeid tussen kinders wat voor en na afsnyding gebore is. Eersgenoemdes mag wel gedoop word op die voorwaarde dat hulle deur 'n grootvader en/of grootmoeder (as getuie) ten doop gehou word, indien so 'n grootvader en/of grootmoeder bereid sou wees om aanspreeklikheid vir die kind se verbondsopvoeding te aanvaar. Sulke kinders is nog in die verbond gebore. Maar van kinders wat na die afsnyding gebore is, moet aanvaar word dat hulle buite die kader van die verbond val. Hierdie siening rus daarop dat afgesnede ouers, vanweë hulle openlike verharding in die sonde, die verbond geheel en al verwerp het. Dit sou vir hulle tog onmoontlik wees om hulle kinders in die verbond op te voed. Hulle kinders moet dus nie gedoop word nie (vergelyk Jansen, 1952:246, 247).

Myns insiens behoort in die geval van 'n kind wat voor die afsnyding gebore is, baie duidelikheid verkry te word oor wie werklik vir die opvoeding van die kind verantwoordelik is, voordat die doop bedien sou kon word. Die bediening van die doop word immers daardeur bepaal dat God die kind in vrymagtige genade in die verbond opgeneem het. En dat die kind in die genadeverbond opgeneem is, blyk uit die geloofsgesindheid van die aan wie in die eerste en laaste plek die verantwoordelikheid vir die kind se opvoeding toegesê is (vergelyk Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, 1970 artikel 73:131-137).

– *Mag 'n kindjie wat buite die huwelik gebore is, gedoop word?*

Die moeder moet berou betuig en bewys. Die verbond is nie 'n waarborg teen sonde nie. Ook 'n bondeling kan tot 'n val kom. Maar die opregte berou van 'n gelowige is juis die sigbare bewys van 'n verbondslewe. Indien die moeder 'n belydende lid is, moet sy die kindjie laat doop. Slegs die belydende moeder se verharding in berouloosheid kan die doopbediening vertraag of verhinder (Dordtse Leerreels, hoofstuk 5, artikel 1-15; vergelyk Rutgers, 1922:36-44; Reitsma en Van Veen IV, 1895:303, oor die Provinsiale Sinode van Arnhem 1618).

*Mag kinders van ouers wat albei nog dooplede is, gedoop word?*

Die gesindheid van die Sinodes van Dordrecht 1574, 1578 en Middelburg 1581 oor soortgelyke vraagstukke word op hierdie vraag soos volg in die standpunt van Voetius verwoord: Mits daar goeie waarborg vir die Christelike opvoeding is, kan 'n kind van ouers wat albei nog dooplede is onder die bevoegdheid van getuies gedoop word. Dit kan egter slegs as die getuies die verantwoordelikheid vir die kind se verbondsopvoeding aanvaar. Intussen moet die ouers bearbei word om die verbondsbeloftes

bewustelik vir hulleself toe te eien en gehoor te gee aan die verbondseise, sodat hulle na aflegging van hulle geloofsbelydenis hulle verbondspligte ten opsigte van hulle kinders kan nakom (vergelyk Jansen, 1952:247; Bouwman II, 1970:275).

– *Mag aangenome kinders gedoop word?*

Op grond van Genesis 17 in konteks met die soenverdienste van Jesus Christus het die Nasionale Sinode van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika 1970 besluit dat wettige aanneming van 'n kind deur gelowige ouers ook inlywing in die verbond beteken. Derhalwe moet die kerkraad hom vergewis dat die aanneming wetlik in orde is en dat die ouers die aanneming as 'n aanneming in die Here belewe. Dan moet die doop ook aan die aangenome kindjie bedien word (vergelyk Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika 1970, artikel 73:137).

– *Mag kinders in 'n inrigting, wat opvoeding deur hulle eie ouers moet ontbeer, gedoop word?*

Kinders in 'n inrigting wie se ouers gelowiges was en wat derhalwe tot die verbond behoort het, mag deur Gereformeerde huisouers of deur ander Gereformeerdes gedoop laat word – mits die betrokkenes die volle verantwoordelikheid kan aanvaar om aan die kind 'n Christelike opvoeding te gee. Die maatstaf is nie slegs of die kind kragtens sy herkoms in die verbond gebore is nie, maar of die kind vanweë sy opvoeding in die verbond grootgemaak sal word (vergelyk Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika 1949, artikel 145:278 en Kruger, 1966:3478).

– *Tot op watter leeftyd mag die kinderdoop nog bedien word?*

Kerkregtelikes is dit op hierdie vraag eens dat dit afhang van die geestelike ontwikkeling van die kind. Dit gaan daarom of die kind in so 'n stadium van sy lewensvorming is dat hy nog in die Christelike godsdiens opgevoed kan word en of hy reeds so ver ontwikkel het dat hyself die verantwoordelikheid vir sy geloofslewe kan aanvaar. Indien laasgenoemde waar is, moet die kind onderrig word met die oog op die volwassenedoop. "De wijze, waarop men zich daarvan vergewist, en met het kind spreekt, verschilt dan natuurlik, al naarmate het kind pas 6 of 7 jaar is of reeds 13 of 14" (Rutgers, 1922:68).

Die antwoord op die vraag na watter kinders gedoop moet word, is deur die voorgaande algaande al hoe meer bevestig, naamlik die kinders wat in die Christelike godsdiens opgevoed sal word, in die eerste plek dus die kinders wat uit gelowige ouers gebore is. Die regsgrond vir die kinderdoop is die verbond van die Here. Die norm vir die keuse watter kinders gedoop moet word, is dus in elke praktiese situasie die vraag of hy/sy tot die genadeverbond hoort (vergelyk Bouwman II, 1970:264, 265).

### 2.2 *Wanneer die verbond beseël moet word*

Omdat die doop die beseëling van die verbond is vir die kindjie van gelowige ouers wat binne die verbond gebore word, is dit reeds in die vroegste kerkordelike bepalinge as 'n beginsel gestel dat die doop "zoo haast als men denzelven bedienen kan" moet plaasvind (vergelyk Hooijer, 1865:153, oor die Nasionale Sinode van Dordrecht 1578; Reitsma en Van Veen II,

1893:136, oor die Provinsiale Sinode van Dordrecht 1574; ibid V, 1896:24, oor die Provinsiale Sinode van Middelburg 1591).

Die Provinsiale Sinode van Dordrecht 1574 bepaal in besonderhede dat die verbond so spoedig moontlik beseël moet word. Selfs oor ernstige redes wat uitstel van die doop noodsaak, moet die kerkraad oordeel (vergelyk Hooijer, 1865:105; Reitsma en Van Veen II, 1893:136).

Die spoedige beseëling van die verbond rus op die Skrif. Die prinsipieel radikale breuk met die sondige wêreld en die begin van die nuwe lewe in Christus wat deur die Heilige Gees in God se kinders voltrek word, moet vanweë die omvattende betekenis van die genade so gou moontlik aan die verbondskind beseël word. Daarom gee God self reeds in die Ou Testament opdrag dat die verbondsteken spoedig na die geboorte van die kind bedien moet word (Gen 17 : 12), 'n opdrag wat vanweë die betekenis van die verbond deur die voortsetting van die Ou Testamentiese verbondsteken in die doop kontinueer (vergelyk Kol 2 : 9 - 15). Dit is opvallend dat wat ook die volwassenes in die Nuwe Testament betref, die belydenis van die geloof direk met die doop opgevolg is (vergelyk Hand 8 : 36 - 38; 10 : 47, 48). Telkens is die volwassenes sowel as hulle hele gesinne terstond na die geloofsbelydenis van die volwassenes gedoop (vergelyk Matt 3 : 6; Mark 1 : 5; Hand 2 : 41; 8 : 12, 36; 10 : 2, 47; 11 : 13 - 14; 16 : 15, 33; 18 : 8; 1 Kor 1 : 16). Die doop is immers die teken dat 'n persoon – met sy kinders – deur die geloof deel aan die verbond verkry het (vergelyk Floor, 1983:90-95).

### 2.3 *Waar die verbond beseël moet word*

Vanaf die Partikuliere Sinode van Dordrecht 1574 is daar bepaal dat die doop slegs in die erediens mag plaasvind (vergelyk Hooijer, 1865:105). Hierdie bepaling rus op die Skrif. Omdat die erediens juis die samekoms van die verbondsgemeenskap is waar die Verbondsgod ontmoet en geëer word (vergelyk Van der Walt, 1982:7), hóórt die doop per definisie as teken van die verbond in die erediens. Die doopbediening is onlosmaaklik aan die Woordbediening gebonde (vergelyk Hand 2 : 38 - 42; 16 : 14, 15, 32, 33); deur die Woordbediening word die geloof gewek en deur die doopbediening word die geloof versterk (vergelyk Heidelbergse Kategismus, 1987, Sondag 25, vraag 65). Omdat die doop as beseëling van die verbond die inlywing van die dopeling in die verbondsgemeenskap behels, is dit van wesenlike belang dat die doop in die erediens moet plaasvind.

Vir buitengewone omstandighede van "groot nood" bepaal die Sinode van Dordrecht 1618 - 1619 dat die doop wel in 'n huis bedien kan word, maar slegs indien daar 'n erediens gehou word (vergelyk Rutgers, 1922:10-22). Die Partikuliere Sinode van Delft 1596 het dieselfde ten opsigte van volwassenedoop bepaal, met dien verstande dat deeglike onderrig daaroor gegee sal word dat die saligheid nie van die doop afhanklik is nie (vergelyk Reitsma en Van Veen III, 1894:74).

### 2.4 *Deur wie die verbond beseël moet word*

Die doop as teken van die verbond, is 'n genadedaad van God. Uit verskeie betekenisaspekte van die doop blyk dat dit in die doop uitsluitlik

gaan om wat God vir die mens doen, en nie om wat die mens self doen nie: Die doop is vir die verbondskind 'n teken van vereniging met Christus (Gal 3 : 27), vereniging met sy dood (Rom 6 : 1 - 11) en sy opstanding (Kol 2 : 11 - 13), dit is verder 'n teken van regverdiging (1 Kor 6 : 11), die vergifnis (Hand 2 : 38), die reiniging (Hand 22 : 16), die ontvangs van die Gees (Hand 2 : 38), die wedergeboorte en nuwe lewe (Tit 3 : 5; Joh 3 : 5) en die redding (1 Pet 3 : 21). Hieruit is dit duidelik dat God self in die doop werksaam is. In Christus is die bediening van die doop aan die apostels toevertrou (Matt 28 : 19; Mark 16 : 15, 16; Hand 2 : 38). Van die begin af was die bediening van die doop aan die Woordbediening gebonde. Toe die prediking van die Woord aan die leeramp opgedra is, het die bevoegdheid om die sakramente te bedien vanself ook na die leraars oorgegaan (vergelyk Reitsma en Van Veen II, 1893:136; Bouwman II, 1970:317-343; Jansen 1952:249). Slegs wie geroep en in die gemeente bevestig is om die Woordbediening te behartig, moet ook die sakramente bedien. Dit gaan hier immers om God se werk wat deur sy geroepenes verrig moet word (vergelyk Reitsma en Van Veen V, 1896:275 oor die Provinsiale Sinode van Kampen 1607). Hierdie beginsel is reeds by Wezel 1568 onderskryf: "Omdat die sakramente met 'n onafskeidelike band aan die diens van die Woord verbind is, moet daar geen twyfel bestaan dat beide bedieninge tot die predikantsamp hoort nie: gevolglik oordeel ons dat die doop slegs deur 'n bedienaar van die Woord bedien mag word" (vergelyk Hooijer, 1865:46).

2.5 *Die wyse waarop die verbond beseël moet word*

Die doopformulier maak voorsiening vir òf besprinkeling òf onderdompeling. Die Griekse woorde vir doop in die Bybel sowel as buite die Bybel het 'n verskeidenheid van betekenisse en daar is min teoloë wat vandag nog sal beweer dat die woorde net onderdompel kan beteken. König (1987:207, 208) toon aan dat die doop op talle plekke in die Skrif eenvoudig net nie "onderdompel" kan beteken nie: die volk Israel kan tog nie in die wolk ondergedompel word nie (1 Kor 10 : 2); Jesus kan ook nie bedoel dat Hy die dissipels in die Heilige Gees en in vuur sal onderdompel nie (Hand 1 : 5; Luk 3 : 17), veral omdat die tonge wat soos vuur gelyk het net *op* elkeen van die dissipels gekom het (Hand 2 : 3). Ook Jesus se verwysings na sy dood as 'n doop kan beswaarlik die betekenis van onderdompeling hê (Mark 10 : 38, 39). Verder word die Levitiese reinigingsgebruike in die Nuwe Testament "dope" genoem (Heb 9 : 10), terwyl dit klaarblyklik na die reiniging deur besprinkeling in die Ou Testament verwys (Lev 16: Num 19; Eks 24). Markus 7 : 4 handel in vergelyking met Matteus 23 : 25 en Lukas 11 : 39 oor reinigingsgebruike wat "dope" genoem word. Uit die konteks is dit duidelik dat die onderhawige gebruike beswaarlik met onderdompeling verband kan hou. "Doop" hoef dus nie *noodwendig* onderdompeling te beteken nie. Trouens, in bepaalde gevalle is begieting of besprinkeling met water klaarblyklik voldoende geag (Hand 2 : 41; 16 : 33). En in onderskeid met *onderdompeling* kom ook die metode van *indompeling* dikwels in die Nuwe Testament voor (Matt 3 : 6; Joh 3 : 23; Hand 8 : 38; Rom 6 : 4; Kol 2 : 12).

Omdat nog die apostels nog Christus self 'n bepaalde voorskrif oor onderdompeling of besprinkeling gegee het, het die vroeë Christelike kerk meestal begieting en nie onderdompeling soos algemeen aanvaar word nie (vergelyk Van de Bank, 1983:154) – en ook besprinkeling (vergelyk Bouwman II, 1970:313, 314) toegelaat. In die Didaché wat reeds uit die begin van die tweede eeu dateer, die heel oudste dokument uit die vroeë Christelike kerk waarin die orde van die kerk gereël word, word byvoorbeeld gesê: "Wanneer jy nie stromende water het nie, doop dan in ander water. Wanneer jy dit nie in koue water kan doen nie, doen dit dan in warm water. Wanneer jy egter beide nie het nie, giet dan op die hoof driemaal water in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees" (Bouwman II, 1970:313). Hiermee word bevestig dat die wyse van die doopbediening van vroeg af as 'n middelmatige saak heeltemal ondergeskik gestel is aan die feit dat dit met water en in die Naam van die drie-enige God moet plaasvind. By hierdie siening het Calvyn aangesluit deur die wyse van doopbediening as 'n middelmatige saak aan die vryheid van die kerke oor te laat (vergelyk Calvyn, 1956, IV, xv, 19).

Die besprinkelingsmetode wat ook in die derde eeu in die geval van siekte deur Cyprianus verdedig is en vanaf die veertiende eeu algemene praktyk geword het (vergelyk Bouwman II, 1970:314), rus in elk geval nie bloot op menslike voorkeur nie, maar as 'n reinigingsimbool is hierdie metode wel terdeë aan die Heilige Skrif ontleen (vergelyk Eseg 3 : 25, 26; Heb 10 : 22; 12 : 24; 1 Pet 1 : 2). In die Gereformeerde tradisie is van die metode van doopbediening nooit 'n leerstellige kwessie gemaak soos in die Griekse kerk, die Baptiste en die Baptistiese Metodiste en teenswoordig ook die Pentekostalistiese en Charismatiese strominge nie. Nie uit dogmatiese oorwegings nie, maar slegs om praktiese redes is reeds van voor die reformasie af voorkeur aan die besprinkelingsmetode gegee.

## 3. WIE DIE VERANTWOORDELIKHEID VIR DIE BESEËLING VAN DIE VERBOND DRA

"Die bedienaars van die Woord moet toesien dat die vader, moeder of voogde die doop vir hulle kinders aanvra" (Kerkorde van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, artikel 57).

Die kerkregtelike beginsel van artikel 57 van die Kerkorde beantwoord die vraag na waar die verantwoordelikheid vir die doop lê. Wie verantwoordelik vir die opvoeding van die verbondskind is, is verantwoordelik vir sy doop: die vader en/of die moeder, óf die voogde wat as verbondsouers kan optree.

In die ou kerkordes kom die gebruik van "peters en meters", oftewel peetouers, as doopgetuies nog na vore. Dit is 'n gebruik wat uit die tyd van die kerkvaders dateer. Die primêre verantwoordelikheid vir die doop van 'n verbondskind is in die ou kerkordes egter duidelik die vader as verbondshoof van die gesin toegereken (Sinodes van Dordrecht 1574, artikel 61, 62 en 1578, artikel 61; Sinode van Middelburg 1581, artikel 40; Sinode van 's Gravenhage 1586, artikel 51; Sinode van Dordrecht 1618/1619, artikel 57).

In die Kerkorde van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika word die verantwoordelikheid vir die doop vanweë 'n pertinente beginselagtergrond toegeskryf aan die wat vir die opvoeding van die kind verantwoordelik is. Omdat die verbond nie slegs 'n segment van 'n mens se lewe in beslag neem nie, maar totaal omvattend is, moet die verbondskind se hele opvoeding verbondsopvoeding wees. 'n Nuwe mens se hele lewe het in Christus nuut geword. Die doop is die teken van inlywing *in* Christus *in* (Grieks: *eis*, vergelyk Rom 6 : 3; Gal 3 : 27; Matt 28 : 19). Daarom is die verbondsopvoeding in geheel op die prinsipieel radikale breuk met die sondige wêreld gerig, en kan derhalwe slegs deur die persoon of persone wat vir die hele opvoeding van die verbondskind verantwoordelik is, behartig word. Die verantwoordelike persoon of persone moet derhalwe self ook noodwendig bondelinge, nuwe mense in Christus, wees (vergelyk 2 Kor 5:17, 18; Ef 1:4-14; Smit, 1984:63-66; Floor, 1983:119).

Die verantwoordelikheid van die wat tot die verbondsopvoeding van die kind geroep is, kom reeds daarin tot uiting dat húlle die doop vir die verbondskind moet aanvra. Hulle doen dit nie individualisties, los van die gemeente nie. Hulle doen dit as deel van die gemeente, vanuit die gemeente, waardeur iets van die kollektiewe verantwoordelikheid van die hele gemeente vir die nuwe kind in hulle midde tot uiting kom.

Die kollektiewe verantwoordelikheid van die gemeente met betrekking tot 'n nuwe verbondskind wat in hulle midde gebore is, sowel as die toegespitste verantwoordelikheid van die kerkraad om toe te sien dat by die suiwer lewenswandel ook die suiwer leer in die gemeente – ook ten opsigte van die doop – gehandhaaf moet word (Kerkorde van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, artikel 55), ontneem die ouers (of voogde) geensins hulle persoonlike verantwoordelikheid vir die beseëling van die verbond aan die kindjie wat aan hulle toevertrou is nie. Die verantwoordelikheid van die bedienaars van die Woord om toe te sien dat die "vader, moeder of voogde" die doop vir hulle kinders aanvra (vergelyk Kerkorde van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, artikel 57), omvat ook onderrig aan die ouers (of voogde) oor die betekenis van die doop, sodat die verbondsouers duidelikheid oor hulle persoonlike verantwoordelikhede vir die verbondskind kan hê. Die primêre verantwoordelikheid vir die verbondskind is aan hulle toegesê: in die doop van die kind word hulle onvoorwaardelik en ongekompromitteerd voor die bewustelike aanvaarding van hulle verbondsverantwoordelikhede gestel.

## 4. DIE BESEËLING VAN DIE VERBOND MOET VOLGENS DIE FORMULIERE PLAASVIND

"Die bedienaar van die Woord moet by die doop van die klein kinders sowel as die volwasse persone die onderskeie formuliere gebruik wat daarvoor vasgestel is" (Kerkorde van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, artikel 58).

Die kerkregtelike beginsel wat aan artikel 58 van die Kerkorde ten grondslag lê, is handhawing van die Skrifleer en gevolglik die verhinde-

ring van dwaalleer by die doopbediening. Terselfdertyd is die doop die fundamentele samebindende faktor van die kerke: die eenheid in die Here is 'n eenheid in een en dieselfde doop (vergelyk Ef 4 : 5, 6). Daarom is die doopprosedure aan vasgestelde formuliere gebind. Omdat dwaalleer deur verkeerde aksentlegging baie maklik by die doopbediening kan ontstaan en dit tot versplintering en selfs ontbinding van die kerk van die Here kan lei, het die kerke die verklaring van die doop, sowel as die vrae, die gebede en die doopformuliere reeds van heel vroeg af nie aan die vryheid van individuele bedienaars van die Woord oorgelaat nie (vergelyk Rutgers, 1922:63-67; Reitsma en Van Veen II, 1893:71, oor die Partikuliere Sinode van Edam 1619; ibid III, 1894:115, oor die Partikuliere Sinode van Dordrecht 1598).

Die noodsaaklikheid van vasgestelde formuliere vir die doopbediening het reeds onder andere uit die stryd teen die Remonstrante in die sewentiende eeu en die rasionaliste in die negentiende eeu geblyk. Toe is deur die wysiging van enkele woorde in die formuliere en die gebede, of selfs in vrye toesprake en gebede by die doopbediening dwaalleer die kerke ingedra deur predikante wat hulle nie aan die formuliere gehou het nie (vergelyk Van der Linde, 1983:200).

## 5. DIE BESEËLING VAN DIE VERBOND AAN VOLWASSENES

"Volwassenes word deur die doop in die gemeente van Christus ingelyf en as lidmate van die kerk opgeneem en daarom is hulle verplig om die Nagmaal van die Here te gebruik soos hulle by hulle doop belowe het om te doen" (Kerkorde van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, artikel 59).

Die kerkregtelike beginsel wat in artikel 59 van die Kerkorde na vore kom, is dat volwassenes wat tot die geloof gekom het, of volwassenes wat as kinders 'n gelowige opvoeding gehad het maar vanweë omstandighede van die doop weerhou is, ook die teken van die verbond moet ontvang. Waar die doop van die verbondskind die ouers verplig om die kind as eiendom van God te behandel sodat die kind self as sy eiendom kan leer handel (vergelyk Ef 6 : 1 - 4), verklaar die volwassene egter persoonlik by sy doop dat hy van harte sal trag "om te wandel waardig die roeping waartoe (hy) geroep is . . . (Ef 4 : 1)" (Van der Linde, 1983:201).

Wie eers as volwassene tot die geloof kom, is vanselfsprekend nie binne die verbond opgevoed nie. So iemand kom juis tot die geloof deur kennis wat hy/sy van Jesus Christus opgedoen het, hoe elementêr hierdie kennis ook mag wees. Hierdie kennis moet ter wille van die geloofsgroei aangevul word deur verbondsonderrig. Wanneer die betrokkene se geloofsgroei sodanig is dat hy volle aanspreeklikheid vir sy geloofslewe kan aanvaar en openbare belydenis van sy geloof kan doen, moet hy gedoop word (vergelyk Mark 16 : 16). Om geloofsaanspreeklikheid te kan aanvaar en derhalwe openbare belydenis van die geloof te kan doen, gaan die verbondsonderrig by die volwassene die doop vooraf. Deur die doop word die volwassene "in die gemeente van Christus ingelyf en as lidmate van die kerk opgeneem" (Kerkorde van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, artikel 59).

Die ongelukkige bewoording van die Kerkorde van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, artikel 59 na die 1964-hersiening "in *die gemeente* van Christus ingelyf" en "as lidmate van *die kerk* opgeneem" (my kursivering – CJS) moenie gesien word as "die gemeente" teenoor "die kerkverband" nie. Die Dordtse Kerkorde van 1619 waarop die Kerkorde van die GSKA berus, het die gemeente kennelik nie as 'n onderdeel van "die kerkverband", wat dan die groter geheel sou wees, gesien nie. Dat die kerkverband as "kerk" geïnstitueer word, naas (én bo) die plaaslike kerke word deur De Wet (1921:22-30) en meer onlangs ook deur Schlaich (1969:13-16) aangetoon as 'n kollegialistiese gedagtegang wat in die Evangelies-Lutherse kerkreg van die agtiende eeu ontwikkel is. Trouens, "die kerkverband" is nie in die sewentiende eeuse Gereformeerde wêreld as 'n *collegium*, 'n genootskap, 'n "kerk" gesien nie. So 'n kerkbegrip is geheel en al vreemd aan die Dordtse Kerkorde.

Van die doopvont loop daar 'n noodwendige lyn na die nagmaalstafel (vergelyk NGB, artikel 33-35 en Van 't Spijker, 1980:73). Waar die doop die sakrament van die inplanting van God se verbondskinders in die liggaam van Christus is, is die nagmaal die sakrament van die versorging van hierdie verbondskinders in die liggaam van Christus. By die doop is die prinsipieel radikale breuk met die sondige wêreld in die verbondskind begin, met die nagmaal word hierdie breuk uitdruklik voortgesit. Nagmaalgebruik is dus 'n voorreg, maar nie 'n opsionele voorreg nie: die volwassene wat by sy doop ook belydenis van sy geloof afgelê het, het *belowe* om nagmaal te gebruik. So noodwendig is die lyn van die doopvont na die nagmaalstafel van heel vroeg af in die Gereformeerde kerke geag dat die Provinsiale Sinode van Leeuwarden 1598 bepaal het dat 'n volwassene wat onbekwaam is om tot die nagmaalstafel toe te tree ook nie die teken van die doop moet ontvang nie (vergelyk Reitsma en Van Veen VI, 1897:98). Die inplanting in die liggaam van Christus roep noodwendig om versorging as lewende lid van hierdie liggaam. Waar die breuk met die sondige wêreld begin is, moet dit volgehoue voortgesit word. Wat die Here begin het, hou Hyself in stand (vergelyk Fil 1:6 en NGB, artikel 35).

## 6. OPTEKENING VAN DIE NAME VAN DIE WAT DIE BESEËLING VAN DIE VERBOND ONTVANG HET

"Die name van die gedooptes en van hulle ouers of voogde sowel as die datums van geboorte en doop moet opgeteken word" (Kerkorde van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, artikel 60).

Hoewel artikel 60 van die Kerkorde oënskynlik van bloot administratiewe waarde is, lê hierin tog 'n belangrike kerkregtelike beginsel opgesluit, naamlik die Skrifopdrag om die orde in die kerk van die Here te handhaaf (vergelyk 1 Kor 14 : 40). Met heilige dinge moet heilig omgegaan word. Daarom het die kerke al vroeg hieroor besluite geneem. Reeds op die Provinsiale Sinode van Dordrecht 1574 is bepaal dat die doopbesonderhede opgeteken moet word (vergelyk Reitsma en Van Veen II, 1893:132). Die orde waarin ook die formele optekening van die name tot uiting kom, vloei uit die aard van die verbond voort. Ouers *en* kinders se name moet opgeteken word: verbondsouers se kinders kom immers

in die verbond tereg. Verder is doopregisters in hierdie sondige wêreld nodig om later met sekerheid te kan vasstel of iemand deur die doop by die kerk ingelyf is of nie (vergelyk Reitsma en Van Veen II, 1893:194, 195, oor die Provinsiale Sinode van Rotterdam 1581). Om slordige omgang met die doop, soos duplisering of nalating, teë te gaan en om die verbond derhalwe deur kontrole en tug heilig te hou, is hierdie ordereëling terdeë van belang.[1]

## 7. TUGBEDIENING OP GROND VAN DIE BESEËLING VAN DIE VERBOND

Die doop is die teken van die toesegging van God se beloftes van 'n nuwe, geheiligde lewe in Christus: 'n lewe waarin ons hoe langer hoe meer die sondes moet afsterwe en in 'n godsalige, onberispelike lewe moet wandel (Heidelbergse Kategismus, Sondag 26, vraag 70). Maar die gedooptes wat God se beloftes verwerp en hulle doop versmaai, sal nie die verlossing ontvang nie. Die apostel Paulus beklemtoon in 1 Korintiërs 10 : 1 - 13 dat nie almal wat in die wolk en in die see gedoop was – verwysend na die eksodus uit Egipte – gered is nie. Hieruit volg dat waar God se beloftes van die verlossende heerskappy van Christus nie gelowig aanvaar en erken word nie, geen ware verlossing plaasvind nie. Aan die gedoopte wat God se beloftes in sy doop versmaai, moet die oordeel van God deur die tug verkondig word. Omgekeerd: die kerklike tug kan slegs bedien word aan wie die doop ontvang het. Die doop is derhalwe die fundamentele basis waarop die bediening van die tug gebou word (vergelyk Viljoen, 1985:72, 73).

Die kerklike tug is die Skriftuurlike onthulling van dreigende verbreking of daadwerklike verbreking van die gemeenskap met Christus en sy kerk en die Skriftuurlike bearbeiding om die verbreking te verhinder of te herstel; terselfdertyd word die regtelike handhawing van die heiligheid van die kerk van die Here teenoor die destruktiewe mag van die kwade in die lewe van die wat hulle binne die kerk deur die sonde laat beheers, tot uitdrukking gebring (vergelyk Kamphuis, 1986a:29). Hiervolgens stel die kerklike tug die sondaar voor die dwingende eis tot gehoorsaamheid wat God se beloftes meebring, derhalwe die eis van die doop. Elke lid van die kerk, belydend of nie, is in geval van ongehoorsaamheid of afvalligheid onderhewig aan die kerklike tug.

Hoewel die Konvent van Wezel 1568 en die Sinodes van Emden 1571, Dordrecht 1574, Middelburg 1581, Den Haag 1586 en Dordrecht 1618 - 1619 nie die tug oor dooplede behandel nie, het die Sinode van Dordrecht 1574 hieroor 'n prinsipiële uitspraak gemaak. Hierdie uitspraak fundeer die kerkregtelike uitgangspunt van die tug oor dooplede in die genadeverbond. Die tug oor dooplede kan egter nie soos oor belydende lede toegepas word deur onthouding van die nagmaal nie, dit word wel by wyse van vermaning toegepas; selfs ekskommunikasie is moontlik in geval waar die dooplid homself nie vanselfsprekend, weens die aard van sy

1 Histories was hierdie bepaling ook van betekenis vir die staatsowerheid, omdat geboorteregistrasie eers gedurende die vorige eeu deur die owerheid ingevoer is (vergelyk Kruger, 1966:361).

sonde, buite die kerk stel nie (vergelyk Hooijer, 1865; Den Hartogh, 1939(?); Bouwman, 1912:147-155; De Jong, 1918:22-30; Kamphuis, 1986b:50-61; Nauta, 1971: 369-374).

Die bediening van die tug het die eer van God, die heil van die gemeente en die behoud van die sondaar ten doel. Deur die bediening van die tug word die sondaar voor die diepste betekenis van sy doop gestel. By uitstek is dit die sakrament van die doop wat die tugbediening as een van die sleutels van die hemelryk moontlik maak. Kerklike tug veronderstel altyd die doop, die doop vereis die kerklike tug wanneer dit nodig word (vergelyk Bouwman, 1912:172-177; Visser, 1980:95-99).

## 8. SLOT

Die kerkregtelike beginsels en ordereëlings wat ten aansien van die doop in die kerkorde saamgevat is, het die doel om sekerheid en kontinuïteit in die doopbediening daar te stel. Maar dit het veral ook dié doel om God se genadereg aan sy verbondskind in die doopbediening tot sigbare uitdrukking te bring sodat die geloof van die verbondskind daardeur versterk word. Deurdat die doopbediening in ooreenstemming met die Woord van God plaasvind, het die gedoopte die sekerheid van die waarheid in sy doop. Die kerkorde se taak is dus om die waarheid te bewaar en om die sekerheid oor die waarheid te bestendig.

So kan die gedoopte op grond van God se verbond ootmoedige aanspraak op sy kindskap maak. En hy mag hom lewenslank verbly in die beloftes van ons Vader waaraan hy in die genadeverbond 'n erfdeel verkry het. Hy mag leef in die oortuiging dat hy 'n plek in God se huishouding op aarde het. En hy mag sterf in die wete dat hy 'n plek in die Vaderwoning het.

## LITERATUUR


Bouwman, H. 1970. Gereformeerd Kerkrecht, dl I en II, 2e dr. Kampen: Kok.

___1912. De kerkelijke tucht: naar het Gereformeerde Kerkrecht. Kampen: Kok.

Calvyn, J. 1980. Institusie van die Christelike godsdiens, 1536. (Uit Latyn vertaal deur HW Simpson.) Potchefstroom: Calvyn Jubileumboekefonds.

___1956. Institutie of onderwijzing in de christelijke godsdienst, 3 dle, 4e dr. (Uit Latyn vertaal deur A Sizoo.) Delft: Meinema.

Dankbaar, WF. 1941. De sacramentsleer van Calvijn. Amsterdam: Paris.

De Jong, J. 1918. Verklaring van de kerkenordening van de Nationale Synode van Dordrecht van 1618 - 1619: College-voordrachten van prof dr FL Rutgers over Gereformeerd Kerkrecht, dl IV. Rotterdam: Libertas.

Den Hartogh, GM, 1939(?). De tucht over doopleden in de Gereformeerde Kerken. Zutphen: Van den Brink.

De Wet, CJH. 1921. Die kollegiale kerkreg. Amsterdam: Bottenburg.

Dordtse Leerreëls, 1987. Die Dordtse Leerreels. (*In* Die berymde Psalms en Skrifberyminge. 2e hers uitg. Kaapstad: NG Kerk-Uitgewers.

Du Plooy, A le R. 1982. Kerkverband: 'n Gereformeerd-kerkregtelike studie. Pretoria. (Proefskrif (ThD) – PU vir CHO).

Floor, L. 1983. Die heilige doop in die Nuwe Testament. Potchefstroom: Potchefstroomse Teologiese Publikasies.

Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. 1970. Handelinge van die sewe en dertigste sinodale vergadering van die Gereformeerde Kerke van Suid-Afrika. Potchefstroom.

___1949. Handelinge van die dertigste sinodale vergadering van die Gereformeerde Kerke van Suid-Afrika. Potchefstroom.

Heidelbergse Kategismus. 1987. Die Heidelbergse Kategismus. (*In* Die berymde Psalms en Skrifberyminge, 2e hers uitg. Kaapstad: NG Kerk-Uitgewers).
Hooijer, C. 1865. Oude kerkordeningen der Nederlandsche Hervormde Gemeenten 1563 - 1638. Zaltbommel: Joh Noman en Zoon.
Hovius, J. 1962. Het verband tussen onze belijdenis en onze kerkorde. Sneek: Weissenbach.
Jansen, J. 1952. Korte verklaring van de kerkorde der Gereformeerde Kerken, 3e dr Kampen: Kok.
Kamphuis, J. 1986a. Om de heiligheid van de gemeente: de kerkelijke tucht. Kampen: Van den Berg.
___ 1986b. De tucht over 'doopleden' en de structuur van het genadeverbond. (*In* Smit, CJ. *red.* In gehoorsaamheid: Opstelbundel aangebied aan prof dr GPL van der Linde by sy emeritering as hoogleraar. p 50-61. Promedia: Potchefstroomse Teologiese Publikasies.)
Kerkorde van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, 1980. Soos gewysig deur verskillende sinodes. Potchefstroom: Calvyn Jubileumboekefonds.
Konig, A. 1987. Die doop as kinderdoop én grootdoop. Pretoria: NG Kerkboekhandel.
Kruger, LS. 1966. Art 53-65. (*In* LS Kruger *et al*, red. Handleiding by die kerkorde van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. Potchefstroom: Pro Rege.)
Milner, BC. 1970. Calvin's doctrine of the church. Leiden: Brill.
Nauta, D. 1971. Verklaring van de Kerkorde van de Gereformeerde Kerken in Nederland. Kampen: Kok
Nederlandse Geloofsbelydenis. 1987. Die Nederlandse Geloofsbelydenis (*In* Die berymde Psalms en Skrifberyminge. 2e hers uitg. Kaapstad: NG Kerk-Uitgewers.)
Plomp, J. 1967. Beginselen van reformatorisch kerkrecht. Kampen: Kok.
Pont, AD. 1981. Die historiese agtergronde van ons kerklike reg. Pretoria en Kaapstad: HAUM.
Pop, FJ. 1978. De eerste brief van Paulus aan de Corinthiërs, 4e dr. (*In* De prediking van het Nieuwe Testament. Nijkerk: Callenbach.)
Reitsma, J en Van Veen, SD. II, 1893; III, 1894; IV, 1895; V, 1896; VI, 1897; VII, 1898. Acta der Provinciale en Particuliere Synoden: gehouden in de Noordelijke Nederlanden gedurende de jaren 1572 - 1620. Groningen: Wolters.
Rutgers, FL 1980. De geldigheid van de oude kerkordening der Nederlandsche Gereformeerde Kerken. Amsterdam: Wormser.
___ 1922. Kerkelijke adviezen, 2e dl. Kampen: Kok.
Schlaich, K. 1969. Kollegialtheorie: Kirche, Recht und Staat in der Aufklaring. München: Claudius.
Sillevis Smitt, PAE. 1910. De organisatie van de christelijke kerk in den apostolischen tijd. Rotterdam: De Vries.
Smit, CJ. 1985. Kerkreg en kerkorde in die lig van God se reg en orde vir sy kerk. Potchefstroom. (Proefskrif (ThD) – PU vir CHO.)
___ 1984. Die belang van die doop vir u kind – wat sê die Heilige Skrif? Pretoria: NG Kerkboekhandel Tvl.
Van de Bank, JH. 1983. De doop in de vroege kerk. (*In* Van 't Spijker W et al, *red.* Rondom de doopvont. p 137-166. Goudriaan: De Groot.)
Van der Linde, GPL. 1983. Die Kerkorde – 'n verklaring van die Gereformeerde Kerkorde. Pretoria: TG van Wyk.
Van der Walt, JJ. 1982. Soek die Here in sy tempel. Potchefstroom: Potchefstroomse Teologiese Publikasies.
Van 't Spijker, W. 1980. Zijn verbond en woorden. Goudriaan: De Groot.
___ 1972. Goddelijk recht en kerkelijke orde bij Martin Bucer. (Apeldoornse Studies, nr 3. Kampen: Kok.)
Viljoen, EM. 1985. Tug in die kerk van Korinte in die eerste eeu. Potchefstroom. (Proefskrif (ThD) – PU vir CHO.)
Visser, J. 1980. Kerklike tug: wat sê die Nuwe Testament? Noordbrug (Potchefstroom): Calvyn Jubileumboekefonds.